



Vak: Graad 8 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 103 Punte

1. A: die Kaapkolonie 4 punte

Verduideliking:

Met die inlywing van Griekwaland-Wes in die Kaapkolonie in 1877, het die area ses setels in die Kaapse Laerhuis bygekry. In 1881 het Rhodes by die Kaapkolonie se parlement aangesluit.

2. Griekwaland-Wes | Griekwa land Wes | Griekwalandwes 3 punte

Verduideliking:

Die Griekwas, 'n groep van gemengde ras as gevolg van ondertrouery, het die Kaapkolonie verlaat en noord getrek om Griekwaland-Wes te vestig.

3. die Kaapkolonie | die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) 4 punte

Verduideliking:

Omdat Griekwaland-Wes aan die ZAR en Kaapkolonie gegrens het, het beide op die gebied aanspraak gemaak.

4. swart Afrikane | 7% (sewe persent) | skei | arm wit plaasarbeiders 8 punte

Verduideliking:

5. 1991 3 punte

Verduideliking:

Herroep beteken gekanselleer. Die 1913 Inboorling-Grondakte is slegs drie jaar herroep voor die eerste regte demokratiese verkiesing in Suid-Afrika.

6. geskrewe 3 punte

Verduideliking:

'n Geskrewe bron is een wat geskryf is.

'n Mondelingse bron word gepraat en word verbatim gekopieer.

'n Visuele bron is 'n prent.

'n aArgeologiese bron is een wat die struktuur van 'n gebou of 'n persoon wys (soos bene).



7. keerpunt | Industriële Revolusie | Randhere | trekarbeiders | weerstand

10 punte

Verduideliking:

Die Minerale Revolusie het Suid-Afrika se ekonomiese, politieke en sosiale landskap drasties verander. Daarom word dit as 'n *keerpunt* in Suid-Afrika se geskiedenis beskou.

8. Gandhi | nie-geweldadige | belastingwette

6 punte

Verduideliking:

Die passiewe versetveldtog van 1913 tot 1914 was suksesvol omdat die belastingwette en huwelikswette verander is.

9. C: Rondswerwende arbeiders is op kleiner gronddele geforseer, dus kon hul nie bekostig om saam met hul families te leef nie.

4 punte

Verduideliking:

Om op 'n klein area van grond geforseer te word, was nie die gevolg van rondswerwende arbeid nie, maar eerder 'n manier om dit af te dwing.

Dit het as die Grondakte van 1913 bekend geraak waar swart mense gedwing is op klein tuislande - grond wat te klein was om al die mense te ondersteun in terme van landbou.

10. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Dis 'n primêre bron omdat dit 'n foto is wat gedurende die tyd geneem is toe die rondswerwende arbeid en geslote kampe gebruik is.

Wanneer ons na visuele bronne verwys, verwys ons na wat ons in die foto sien; nie die eintlike uitdruk/kopie nie.

11. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Geen belasting is gehef op Britse goedere wat na Indië gegaan het nie. Hoë belasting is gehef op Indiese uitvoer na Brittanje.

12. "Rocket" | Vuurpyl

3 punte

Verduideliking:

Dit was 'n stoomaangedrewe trein wat spoorwegvervoer versnel het. Treine het die hoofmiddel van die vervoer vir onverwerkte vervaardigde goedere/produkte geword.



13. swak ou mans, vrouens en kinders | swak om te saai en oes om almal te voer | onkundig oor die korrekte boerdery tegnieke | baie min van hul lae lone huis toe kon stuur 8 punte

Verduideliking:

Met al die geskikte werkers op die myne, is net die swak ou mans, vrouens en kinders agtergelaat om die plase by hul woonhuise te bewerk. Sonder die jongmans het landbouprodukte afgeneem, want diegene wat agtergelaat is, was te swak om te saai en oes om almal te voer. Die wat agtergelaat is, was ook onkundig oor die korrekte boerdery tegnieke wat beteken het dat die grond vernietig is vir verder gebruik. Dit te same met die feit dat die mans op die myne baie min van hul lae lone huis toe kon stuur; het beteken dat families by die woonhuise min kos produseer het en geen manier gehad het om kos te koop nie.

14. kontrak 3 punte

Verduideliking:

'n Kontrakwerker is 'n persoon wat onder kontrak is om te werk vir 'n ander persoon vir 'n definitiewe tydsduur, gewoonlik sonder betaling, maar in ruil vir gratis vervoer na 'n nuwe land.

15. Goudstandaard 3 punte

Verduideliking:

Die vasgestelde prys van goud wat die waarde van die wêreld se geld beheer, staan bekend as die goudstandaard. Dis die prys waarteen 'n land se geldeenheid 'n ons goud kan koop.

16. D: Op hierdie manier kon die migrante werkers nie vir beter werksomstandighede of beter lone onderhandel nie. 4 punte

Verduideliking:

'n Handelsunie is 'n groep werkers wat saamgespan het om die regte van die wekers te beskerm. Hulle het dikwels beter werksomstandighede of beter lone beding; die handelsunie sal met die maatskappy-eienaars ooreenkom vir hierdie dinge en staak as daar nie aan hul eise voldoen word nie. Deur die die swart mense toe te laat om 'n handelsunie te vorm nie, het hulle die moontlikheid weggeneem om hul omstandighede te verbeter.

17. Industriële en Kommersiële Werkersunie 3 punte

Verduideliking:

Die IKU was die eerste swart en kleurling werkersunie in Suid-Afrika.

18. waar 2 punte

Verduideliking:

'n Primêre bron is iets wat produseer word deur 'n ooggetuie van 'n gebeurtenis. By "ooggetuie" word bedoel dat die persoon wel daar was gedurende die tyd.

19. katoen

3 punte

Verduideliking:

Rhodes het Engeland verlaat om hom by sy broer, wat 'n katoenplaas in Natal gehad het, aan te sluit. Met sy aankoms het sy broer alreeds na die diamantvelde vertrek, dus het hy met katoen op sy broer se plaas begin boer en dit verkoop. 'n Jaar later het hy die plaas verlaat om sy passie, naamlik die myn van diamante, na te volg.

20. waar

2 punte

Verduideliking:

Die meerderheid van rondswerwende arbeid is mense wat vir seisoenwerk in myne of op plase soek.

21. waar

2 punte

Verduideliking:

In die Kaap het kleurling- en Afrika-mans beperkte stemreg gehad. Dit was afhanklik van rykdom en geletterdheid (vermoë om te lees en skryf).

22. die Kaapse Kolonie | Natal

4 punte

Verduideliking:

'n Kolonie is 'n groep mense wat op 'n nuwe plek vestig, maar nog bande met hul tuisland behou. Die Britte het hul in die gebiede gevestig, maar bande met Brittanje behou.

23. 20% | 50 - 100%

4 punte

Verduideliking:

Die slawe is gevang en verhandel/verruil in Wes-Afrika en is dan na Amerika geneem om te werk op katoen-, tabak-, rys- en suikerplantasies. Die rou materiale is verskeep na Brittanje, verander in goedere en verkoop aan die res van die wêreld.

24. die bou van spoorweë | geregshoue en siviele dienste | skole en universiteite | fabriek

8 punte

Verduideliking:

Die Britse het baie rykdom van die Indiese boere gekry.

25. 151 900

3 punte

Verduideliking:

$152\,184 - 300 = 151\,884$

(151 900 afgerond tot die naaste 100)



26. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die Whig regering, 'n liberale party en opposie van die Torry regering, het die boere-party verteenwoordiging in die Engelse Laerhuis gegee. Hulle het ook werkshuise in die land opgestel, waarna die arm, siek en werkloses kon gaan as hul hulp benodig het.

Totaal: 103 Punte

